# DIE SKIETLOOD

247e Uitgawe 13 Februarie 2026
saam met Koersvas 247

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**
**Sondag 5**
**Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God in die tyd en in die ewigheid straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?**
**Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word** (Eksodus 23:7 "*en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie*"; Esegiël 18:4 "*Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf*."; Matteus 5:26 "*Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie*."; 2 Tessalonisense 1:6 "*God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly*"; Lukas 16:2 "*Hy ontbied hom toe en sê vir hom: 'Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer bestuurder wees nie*"). **Daarom moet ons óf deur onsself óf deur 'n ander ten volle betaal.** (Romeine 8:4" *Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.").*

**Kommentaar:** (vervolg)
God is onder geen verpligting – moreel, juridies of andersins – om die mens van die ellende van die sonde te verlos nie. God kan met alle reg die mens versaak en laat om te sterf. Daar is geen absolute noodsaak of dwang wat God kan forseer om die verlossing te bewerkstellig nie. Ursinus se kommentaar verwys in hierdie geval na Romeine 11:35 "*Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?"* Al is daar geen absolute nodigheid of dwang vir die verlossing nie, kan ons tog aanvaar dat daar 'n ingeperkte, voorwaardelike noodsaak is vir die verlossing van die mens.
Al die redes vir hierdie voorwaardelike noodsaaklikheid word teruggevind in die wese van God soos ons dit vind in Sy openbaring. God skuld geen wese iets nie. Dit is ook waar dat God getrou is en Sy woord hou. So is dit dan ook waar dat God in eie vryheid en genade gesê het dat Hy die situasie ANDERS wil hê; Esegiël 18:23 "*Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer van sy verkeerde dade en dat hy bly lewe*." Dit is God se wil dat die mens Hom ewig sal aanbid en eer. God red die mens sodat die doel met die skepping tog werklikheid kan word, sodat ons as mense ons lewens kan wy aan die goeie dade waarvoor ons geskep is Efesiërs 2:10 "*Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*"

God het ook nie sonder rede of onverrigter sake Sy Seun na die wêreld gestuur nie. God het Sy wil bekend gemaak, Hy het Sy Seun gestuur. God se Woord is ons waarborg van die voorwaardelike nodigheid van verlossing. Die verlossing is voorwaardelik nodig omdat dit binne God se wil val. Hierdie voorwaardelike genade is niks anders nie as God se vrye, genadige WIL.

God is meer geneig tot genade, eerder as straf. God se straf oor die sonde en die oordeel word duidelik in Sy straf van die goddelose. Sy genade blyk uit die redding van Sy kinders.

Beteken dit dat die redding verwag kan word? Aan die een kant moet ons stel dat hierdie verlossing eendag eers duidelik sal word. Aan die ander kant moet ons duidelik stel dat hierdie verlossing nou reeds deurbreek en sigbaar word. Dit is dieselfde verlossing wat is en wat kom. Nou reeds word ons van skuld en straf bevry, eendag sal die trane opgedroog word en sal ons as God se beelddraers ewig by Hom wees. Die effek van God se daad by Gólgota is van daardie oomblik af geldig en sal eendag ten volle sigbaar wees. Met verloop van tyd sien ons dele van hierdie heerlike uitkoms. Ons kan met ander woorde nou reeds die effekte van die genade verwag en raaksien. Die effek van Jesus se bloed is nie vir 'eendag' nie; 1 Johannes 1:7 "*Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde*". God se straf vir die sonde, wat ons duidelik rondom ons sien, word volgens Sy woord oortref deur Sy genade. Dit beteken dat die volle saligheid aan die einde van tyd met groter krag sal deurbreek as die ellendes wat ons hier en nou tref.

Wat is alles nodig vir hierdie redding, hierdie geregtigheid, om bewerkstellig te word? Die onreg van die sonde moet ten volle uitgewis word deur 'n daad wat groter is as die somtotaal van sonde en ellende. Geregtigheid beteken sonde moet in volle maat gestraf word. Die eerste punt om te maak is dat die straf vir sonde die ewigheidsprys moet behaal. Dit gebeur by die sterwe van God se enigste Seun.

Meer moet ook gebeur. Sodra die prys vir die sonde ten volle betaal is, moet die mens weer herstel word in geregtigheid. Dit het gebeur met die opstanding van ons Here Jesus Christus. Op Gólgota het die Here die volle prys vir die sonde laat betaal. By die leë graf is die mens herstel tot 'n ewige wese by God.

God se genade vind die mens daar waar die mens hopeloos en hulpeloos is. Weens die aard van God, ontferm Hy Hom oor die mens. God wil hê dat die mens Hom moet dien en eer. Na die verlossing sal die mens dit met vreugde uit vrye wil doen in die ewigheid van Sy rus ... .